

Dinsdag 1 April

Skrifgedeelte: Psalm 33

Fokusgedeelte: Psalm 33:4-5 (AFR2020)

Jubel in die Here, want Hy sê en doen wat reg is

Wanneer jubel ons? Wanneer iets ons bly gemaak het. Dan jubel ons oor dit wat ons bly gemaak het.

In Psalm 33:1 staan: *“Regverdiges, jubel oor die HERE!”* Dit beteken dat die HERE ons bly maak. En ons gee op 'n vrolike manier uiting aan ons blydschap deur oor die HERE te jubel en uitbundig te juig.

Hoe maak die HERE ons bly? Deur dit wat Hy sê, wat Hy doen en Wie Hy is.

Dit wat die HERE sê, maak ons bly. Hoekom? Want die woord van die HERE is reg. Dit bevat die goeie nuus van die Woord wat vlees geword het en onder ons kom woon het en ons kom red het. Die woord van die HERE is waar. Ons kan dit glo. Ons kan daarop staatmaak.

Dit wat die HERE doen, maak ons bly. Hoekom? Want al sy werk is betroubaar. Dit wat die HERE doen, stem ooreen met sy woord. Hy sê nie een ding en doen dan 'n ander ding nie. Nee, Hy hou sy woord. Hy kom al sy beloftes na. Hy het dit gedoen deur Jesus Christus. In Hom is al God se beloftes “ja” en “amen”.

Wie die HERE is, maak ons bly. Hoekom? Want Hy is lief vir reg en geregtigheid en sy troue liefde vul die aarde. Die HERE haat onreg. Hy bring ware geregtigheid en vrede. Sy troue liefde maak dat Hy goed is vir ons. Sy troue liefde kan gesien word in sy Seun wat Hy na die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan leef.

Hoekom jubel ons oor die HERE? Omdat sy woord reg is, sy werk betroubaar is, Hy lief is vir reg en geregtigheid en sy troue liefde die hele aarde vul.

Sing: Psalm 145-1:10, 12

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)